

## BEDRYF KAP STAAT OOR GESUKKEL

**DIE** voorkoms van bek-en-klouseer vanjaar buite die rooilyngebied in Limpopo, asook in KwaZulu-Natal is deur mnr. Louw van Reenen, voorsitter van die Rooivleisbedryfsforum, op dié organisasie se jaarvergadering veroordeel. Sedert die aanvanklike uitbreking van bek-en-klouseer in Januarie 2019 is verskeie gevalle van bek-en-klouseer vanjaar aangemeld. Dit het 'n impak op verskeie boere en twee voerkrale gehad.

“Die staat se gebrek aan rigtinggewende stappe om gepaste maatreëls in te stel om die oordrag van moontlik besmette beeste uit die geïnfecteerde gebiede te voorkom, bly 'n groot bron van kommer vir die rooivleisbedryf,” het hy gesê.

“Die probleme wat in 2020 eervaar is, het vanjaar voortgeduur. Dit sluit verdere uitbrekings van bek-en-klouseer in, terwyl nog golwe van die covid-19-pandemie plaaslik en internasionaal ervaar is,” het hy gesê.

Volgens Van Reenen is dieregesondheid 'n sleutel-aspek om Suid-Afrika se uitvoer te vergroot. Dit sal egter net moontlik wees as Suid-Afrika kan bewys sy dieregesondheidstatus is in orde. Suid-Afrika het sy dieregesondheidstatus by die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) verloor omdat die departement van landbou, landelike ontwikkeling en grondhervorming nagelaat het om voor einde Maart vanjaar sekere antwoorde aan die OIE te verskaf.

Die gevolg is dat Suid-Afrika net soos die res van Afrika gesien word as 'n land met geen status as

vry van bek-en-klouseer nie.

Hoewel die uitbreking van bek-en-klouseer 'n verwoestende uitwerking het, het die uitvoer van beesvleis nie as gevolg daarvan tot stilstand gekom het nie. Dit is omdat die protokolle waarvoor daar tydens die uitbreking in 2019 met handelsvennote ooreengekom is, steeds van krag is.

Van Reenen het ook enkele ander aspekte aangeraak. Dit sluit in:

### VEILINGS

Met die inwerkingstelling van biosekerheidsmaatreëls by veilings, word die risiko van die verspreiding van bek-en-klouseer beperk en die maatreëls is in die algemeen deur die belanghebbers in die bedryf verwelkom. Die inspeksies ten opsigte van dié maatreëls sal deur die SA Vleisbedryfsmaatskappy (Samic) onderneem word. Dit volg nadat die Landbouprodukte-agenteraad ingestem het om uitstel te gee vir voldoening aan die maatreëls wat op 1 Julie 2021 in die *Staatskoerant* afgekondig is.

Die wetgewing wat van toepassing is op veeveilings ten opsigte van die Wet op Landbouprodukte-agente (Wet 12 van 1992), die Wet op Veediefstal (Wet 57 van 1959), die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002) en die Wet op Dieregesondheid (Wet 7 van 2002), asook spesifieke vereistes wat verband hou met die verspreiding van covid-19, bly van krag.

### BEHEERBELEID VIR BRUCELLOSE

Soos die geval met baie ander dieresiektes, werk die bedryf saam

met die staat om 'n brucellosebeleid in te stel. Dit word saam met die dieregesondheidsforum gedoen. Die betrokke bedryfsvertegenwoordigers is dit eens dat brucellose ernstige ingryping van die bedryf én die staat benodig.

### DIEREGESONDHEIDSFORUM

Mnr. Gerhard Schutte is as nuwe voorsitter van die forum aangewys. Die forum het 'n goeie verhouding met die regering en het teruggeskeer na sy aanvanklike plig om as 'n forum vir besluitneming te dien en nie om as 'n verteenwoordigende liggaam op te tree nie.

### NASPEURBAARHEID

Naspeurbaarheid bly die enkele belangrikste mikpunt van die bedryf. Dit is duidelik dat naspeurbaarheid nie al die probleme ten opsigte van biosekerheid en dieregesondheidskwessies in Suid-Afrika sal oplos nie, maar dit sal 'n groot bydrae lewer om waarde toe te voeg en 'n beter produk daar te stel. Dit sal die rooivleisbedryf en belanghebbers gevolglik ook daartoe in staat stel om dieregesondheid en biosekerheid te bestuur, en internasionale markte te ontsluit omdat die land se handelsvennote met gemoedsrus met Suid-Afrika sake sal kan doen.

### LEWENDE UITVOER

Oor die hofsak tussen Al Mawashi en die Dierbeskermingsvereniging (DBV) het die Grondwethof die DBV se aansoek om teen die die uitspraak van die hooggeregshof in Makhandata te appelleer, van die hand ge-

wys. 'n Besending skape het die Oos-Londense hawe verlaat en die DBV was teenwoordig toe die vrag gelaai is. Die regering het 'n inisiatief van stapel gestuur om 'n protokol saam te stel en die Rooivleisbedryfsforum het kommentaar daarop gelewer, hoewel terugvoering nog afgewag word.

### STATUTÊRE HEFFING

Die periode vir die statutêre heffing is tot November 2022 verleng. 'n Groep bedryfsliggame het die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) betrek om die omvang van 'n moontlike verandering aan die huidige statutêre heffing te bepaal. BFAP se studie is nog aan die gang. Die groep bestaan uit die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), die nasionale organisasie vir opkomende rooivleisprodusente (Nerpo), die SA Voerkraalvereniging en die Rooivleisabattoirvereniging.

Die groep het BFAP versoek om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van 'n strategiese plan vir die rooivleisbedryf. Die volgende gebiede is geïdentifiseer as riglyn vir die strategie, asook die inwerkingstelling daarvan:

- **Landboutransformasie.** Dit behels 'n ontleding van boere-ontwikkelingsprojekte in die veebedryf, waaronder die hele waardeketting.

- **Mededingendheid.** Daar word gekyk na teelmateriaal, produksiepraktyke, verbruikersvraag, internasionale akkreditasies en maatstawwe.

'n Inklusiewe benadering word gevolg en alle betrokke partye is welkom om daaraan deel te neem, het Van Reenen gesê. **LBW**

**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102 | E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net) WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za)